LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 7/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...God is Heilig

Ons lees by twee geleenthede in die Bybel, in Jesaja 6 asook Openbaring 4, waar ons 'n kykie in die hemel kry waar die engele God beskryf. By albei geleenthede word dit herhaal: "Heilig, Heilig, Heilig is die Here". Ons lees in ander gedeeltes in die Bybel waar God se ander eienskappe beskryf word, soos byvoorbeeld: God is liefde". Heilig word egter herhaal, hierdie maak dat ons moet besef dit is 'n baie belangrike eienskap van God wat ons nie mag minag nie. God het ons as mens, die aarde en alles daarin geskape om Hom te dien en Sy naam te verheerlik. Ons moet Hom groot maak. God is almagtig, alwetend en alomteenwoordig. Ons moet versigtig wees om God af te maak as net nog 'n God. Hy is nie net heilig nie, Hy is Heilig, Heilig, Heilig. Mag ons net weer tot hierdie besef kom en nie God uittart deur Hom af te maak as net iets kleins nie. Sy almag oortref alles, laat ons Hom eer daarvoor.

## Goegieland

Ons is baie opgewonde oor ons jaarlikse Goegiespele wat vanmiddag plaasvind. Onthou asseblief ons begin stiptelik om 14:30 op die A-rugbyveld van Laerskool Goedehoop. Ouers vergesel kleuters self na die veld - selfs naskoolmaats.

Ons herinner ook ouers om asseblief die prospektus asook die reëls in die kletsboeke deeglik deur te lees. Dogters moet te alle tye "ski-pants" onder hul rokkies aanhê. Ons doen ook 'n ernstige beroep op u om meer aandag aan maats se higiëne te gee (naels knip, gesiggies afvee voor skool ens.)

Geen komberse word toegelaat nie. Dit raak vuil en weg en maats se harte is dan baie seer.

Laastens herinner ons u dat GEEN gaskoeldrank toegelaat word nie. Lekkers in kosblikke - Tinki's, Oreo's en enige koekie met versiersuiker tel as lekkers. Moet dit liefs nie deur die week stuur nie. Enige soutkoekies of skyfies is deur die week welkom.

Groete uit Goegieland

## English Day

Dress up as your letter with flair,
March 7th, English Day is there
A for Astronaut
B for Bear
C for Cat
and more to share
Grades 1 to 7
come and play
Learn and celebrate in a fun way!




## Week se Program

### 6 Maart 2025

- **Toets: Engels**
- **Rugby & Netbal vs Laerskool Jan v Riebeeck (weg)**

### 7 Maart 2025

- **English Day**
- **Goegieland Verjaar - Emoji-dag**

### 8 Maart 2025

- **Dans Hoëveldgroep te Laerskool Kruinpark**
- **Netbal - Wierdapark-toernooi o/10 tot o/13 A & B**
- **Atletiek MUSSA te Secunda Stadion**

### 3 & 4 Maart 2025

- **Klein-Maar-Getrain Mini-netbalkliniek o/7**

### 7 & 8 Maart 2025

- **Landsdiens Klubkamp**



# Atletiek Gert Sibandespan

Baie geluk aan die volgende atlete wat aan die Gert Sibande Atletiekbyeenkoms deelgeneem het en gekwalifiseer het vir die MP-byeenkoms wat plaasvind op Saterdag, 8 Maart 2025.




**o/10**

Charlize Labuschagne - 2de 1200m

**o/11**

Emma du Plessis - 4de 1200m
Linay Hartzer - 3de Verspring
- 3de Hoogspring
Jason Stratford - 4de Gewigstoot
- 3de Verspring
AJ van der Merwe - 1ste Gewigstoot

**o/12**

Mieke Erasmus - 2de Hoogspring
Cayleigh Cooper - 4de 150mH
Daantjie Lesch - 4de 1200m
Jeandré Oosthuizen - 2de Diskus
- 1ste Gewigstoot
Jayden Ferreira - 3de 75mH
CJ Meyer - 1ste Spiesgooi

**o/13**

Izanie Ferguson - 4de 1500m
- 1ste 800m
Kaylie Serfontein - 4de Gewigstoot
Mienke Visser - 3de Gewigstoot
- 3de Diskus
Juan Wels - 3de 80mH
- 2de 200mH




| 3 Mrt | 4 Mrt | 5 Mrt | 6 Mrt | 7 Mrt | 8 Mrt | 9 Mrt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dian Pretorius<br>Mia-né Smit<br>Izandri Wagenaar | | Lucinda le Roux | Amoré Pretorius<br>Allison Lee | Owen Shambo<br>JR J v Vuuren<br>Lohandré Venter<br>Duan Bezuidenhout | Wesson Marais<br>Misha Vermaak<br>Ryneke Marais<br>Ruben Rupping |

# Kosmos 3-in-1 Bergfiets

3 wedrenne, 1 epic dag! Ry. Oorwin. Herhaal. Is jy gereed om jou grense te skuif? 15 Maart 2025 - 3 wedrenne, kosstalletjies en groot pret vir die hele gesin. Registreer nou en verseker jou plek by die beste bergfiets wedren. Moenie uitmis nie!

Die Skakel!

Kosmos 3-in-1

# Netbal Eerstes 2025


Graag stel ons die Netbal Eerstespan van 2025 aan u bekend! Baie geluk meisies!

Kaylie Serfontein
Alissa J v Rensburg
Kaley Knoetze
Nicole Potgieter
Mienké Visser
Gabby Japhta
Lianke Luwes
Izanie Ferguson



















# Rugbyl Eerstes 2025

Graag stel ons die Rugby Eerstespan van 2025 aan u bekend! Baie geluk manne!

Jeandré Oosthuizen
Waldt v Niekerk
Marius Joubert
Nico Becker
Philip Cloete
Ethan Dodd
Edmund Ferreira
JC Steenekamp
Euné Toerien
Daantjie Lesch
Nico vd Westhuizen
Lyndonn Dodd
Juan Wels
Dian Pretorius
Armand Joubert
Sebastian Stratford
Heath Bemelman
Ewan Rynders
Zian Mocke
CJ Meyer











































# Rainbow Rush

Is jy al ingeskryf vir Rainbow Rush? Het jy al jou man/vrou/ kinders/buurman of buurvrou, selfs skoonouers uitgedaag om te kyk wie is fikser of wie kan die vinnigste 3 km loop (kruip is ook 'n opsie)? Kom neem deel aan die kleurvolle aand wat beloof om vol pret en opwinding te wees! Volg die skakel, 1, 2, 3 en jy is ingeskryf! Dagboek die datum... 26 Maart 2025 te LS Goedehoop!

**Die Skakel!**

**Rainbow Rush**




LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal

CONCRETE 360 READY MIX

Erasmus Steelworks & Construction

JTOOL (Pty) Ltd

GCS EARTHMOVING

OMI Group
Staffing & Training solutions

SOTRAN TRADING

SK Est. 1977
SECUNDA KOSMOS
PHARMACY GROUP

ERMELO, BETHAL, SECUNDA
MIDDELBURG, WITBANK, STANDERTON
TOTALLYGAS
086 100 5167

MoorGate
INDUSTRIAL SERVICES (PTY) Ltd

EST.2021
MUD & TRACK
Best Life is a Full Tank

SIBUMBENE SIYAKHA
EARTHWORKS & CIVILS

STEALTH CONSTRUCTION

EST. 2017
ZERO2UP
TRADING

HAPPY HENS
farm fresh | free range | pasture raised eggs
Jeanine de Vos 082 973 0152

TW GROUP
Civils & Earthmoving

# Knipmesbraai
## Borge

# Dankie!

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

#kindersmethoop